# Wes-Kaapse Departement van Landbou

FEITEBLAD

## PROVINSIALE VEEARTSENYKUNDIGE LABORATORIUM




### WAT IS DIE VOETSPOOR VAN KLIËNTE VAN DIE WK PVL?

Hoewel die hooffokus van die Wes-Kaapse Provinsiale Veterinêre Laboratorium is om ‘n veeartsenykundige toetsdiens in die Wes-Kaap provinsie aan te bied, bedien die laboratorium (deur middel van sy beesbrucellose-toetsaanbod) kliënte van regoor Suid-Afrika. Minstens 55% van die jaarlikse toetse wat deur die laboratorium uitgevoer word, word tans vir kliënte buite die Wes-Kaap gedoen.

### HOEVEEL TOETSE DOEN DIE WK PVL GEMIDDELD PER MAAND?

Hoewel die vraag na toetsing sekere seisoenale tendense volg, doen die laboratorium gemiddeld 26 000 toetse per maand.




### WATTER SOORT TOETSE WORD DEUR DIE PVL UITGEVOER?

Tans bied die Wes-Kaapse PVL 41 verskillende toetse oor sewe hoofdissiplines aan, naamlik bakteriologie, histopatologie, molekulêre biologie (PCR), parasitologie, serologie, veterinêre openbare gesondheid mikrobiologie en virologie. Die laboratorium het ook ‘n nadoodsefasiliteit waar veeartse nadoodse ondersoeke op diere wat gevrek het uitvoer. Verdere toetsvereistes word ondersteun deur die verskillende laboratoriumafdelings.

Toetse wissel van fekale eiertellings om interne parasietlading by verskillende diersoorte te bepaal,

mikrobiologiese isolasie van bakterieë, tot toetsing vir beheerde dieresiektes soos beesbrucellose by beeste en buffels, voëlgriep, Afrika-perdesiekte, dourine, ens.

As 'n ISO 17025-geakkrediteerde laboratorium bied die Provinsiale Veterinêre Laboratorium tans 23 geakkrediteerde toetse oor die hele reeks dissiplines hierbo genoem aan. Dit maak die laboratorium tans die regering se veeartsenykundige laboratorium met die grootste omvang van geakkrediteerde toetse in die land en ook die laboratorium met die derde grootste omvang van alle veeartsenykundige laboratoriums in Suid-Afrika.

Beplanning vir die 2024/2025 finansiële jaar sluit die implementering van biochemie en chemiese residu toetskapasiteit in.

Vir 'n volledige lys toetse wat tans aangebied word, insluitend watter monsters vir elkeen ingedien moet word en die tariewe van toetse, kan ons monstervoorleggingsriglyn, wat beskikbaar is om op ons webwerf af te laai, geraadpleeg word.

https://www.elsenburg.com/veterinary-services/veterinary-laboratory-services/

### HOE MOET MONSTERS DIE PVL BEREIK?

'n Vars monster lewer altyd die beste resultate. Dit word dus aanbeveel dat monsters so gou as moontlik na insameling, per koerier na die laboratorium gestuur word.

Maak seker dat die monsters veilig in 'n stewige buitenste houer verpak word om te voorkom dat dit lek en/of breek. Dit is raadsaam dat monsters so koel as moontlik gehou word en om 'n yspak in die houer met die monsters te plaas, sal hiermee help.

Alle monsters moet vergesel word van 'n volledig voltooide monsterindieningsvorm. Daar is verskillende indieningsvorms wat by die laboratorium gebruik word, afhangende van die toets wat versoek word. Afskrifte van die vorms is op ons webwerf beskikbaar en kan ook per e-pos aan u gestuur word, indien versoek.

Vir meer volledige inligting oor watter monster om vir 'n spesifieke toets in te dien en die vervoervereistes daarvan, is die laboratorium se monstervoorleggingsriglyn ook beskikbaar vir aflaai op ons webwerf.

https://www.elsenburg.com/veterinary-services/veterinary-laboratory-services/

### WIE OM TE KONTAK VIR PVL-DIENSTE?

Vir telefoniese navrae is dit die beste om die laboratorium se skakelbord te kontak, vanwaar u oproep na die betrokke toetsafdeling en/of persoon gerig sal word.

Die kontaknommer is: 021 808 7510.

E-pos navrae kan gestuur word aan Mnr Francois Dreyer by francois.dreyer@westerncape.gov.za

# PROVINSIALE VEEARTSENYKUNDIGE LABORATORIUM

## VEEARTSENYDIENSTE

**Staatsveearts: George**
044-803-3771/0
Me Shirelle Strydom (Admin Klerk)

Dr Leana Janse van Rensburg
0837970010

**Staatsveearts: Boland**
021-808-5028/5253
Me Renee Jack (Admin Klerk)

Dr Vivien Malan
0822289076

**Staatsveearts: Swellendam**
021-808-5059/028-425-4850
Mnr Bidwell Gelwana (Admin Klerk)

Dr Christi Kloppers
0836415163

**Staatsveearts: Beaufort-Wes**
023-414-9220/1
Me Chriszelda Mtwalo (Admin Klerk)

Mnr Anton Barnard (Waarnemend)
082 805 9757

**Staatsveearts: Vredendal**
027-201-3514/0
Me Deidre Daniels (Admin Klerk)

Dr Chanel Lombard
027 201 3510

**Staatsveearts: Malmesbury**
022 482 1380
Me Samantha Burger (Admin Klerk)

Dr Michael Swart
083 469 2404

**Staatsveearts: Oudtshoorn**
044-203-9443/5
Me Jeoninse Noni (Admin Klerk)

Dr Cathy Fox
082 699 6043

**Staatsveearts: Worcester**
021-808-5052
Mnr Daniel Ryan (Admin Klerk)

Dr Ansulize Pepler
060 962 0118